



# Hoe om handpoppe in Voortrekkerwerk te gebruik

Kinders is geneig om meer aandag te gee wanneer handpoppe gebruik word. Hou dus 'n poppekas of gebruik handpoppe. Jy kan enige onderwerp met handpoppe aanbied.

**Graad:** Gr 0 tot 4 | **Onderwerp:** Kinderhelde



## Stappe

1. Vertel die verhaal van Racheltjie de Beer met handpoppe.
2. Hierdie verhaal speel af in 1843 tydens die Groot Trek. Die De Beer-gesin is op pad van die Vrystaat na die destydse Suid-Oos-Transvaal op soek na grond om op te boer. Die gesin oornag by welwillende boere op 'n plaas. Die beste is in 'n takkraal gejaag, maar een kalfie is soek. Racheltjie de Beer en haar boetie is baie geheg aan die kalfie, Frikkie.
3. Gebruik nou twee handpoppe:

**Racheltjie:** "Waar kan die kalfie tog wees?"

**Racheltjie:** "Boetie, kom ons gaan soek die kalfie. Ons moet die kalfie kry."

**Boetie:** "Frikkie, Frikkie, waar is jy?"

**Racheltjie:** "Kom ons stap daardie kant toe. Dalk is Frikkie daar."

**Boetie:** "Frikkie, Frikkie, waar is jy?"

**Racheltjie:** "Ons moet hom kry. Dit is nou al amper donker en dit sneeu."

**Boetie:** "Racheltjie, ek is koud en bang, en ek sien nie meer die huis nie."

**Racheltjie:** "Toe maar boetie, ons sal nou 'n plan maak. Wag daar is 'n miershoop. Ek gaan die miershoop uithol met 'n klip en vir jou 'n lekker huisie maak waarin jy warm sal kry. Wag, trek jy sommer my kleertjies aan. Klim in die miershoop, dan sit ek voor die miershoop dat jy warm kan kry."



Dis hoe die grootmense die kinders die volgende môre gevind het: Racheltjie met haar brose lyfie verkleum en leweloos voor die bek van die uitgeholde miershoop in die veld. Haar boetie was styf van die koue, maar hy het gelewe.

4. Waarom dink julle is Racheltjie de Beer 'n kinderheldin?

5. Dink julle daar is vandag nog kinderhelde/-heldinne? Ja.

So 'n voorbeeld is die tweejarige Joshua Hulley-Miller van Nelspruit. Die klein seuntjie het 'n kilometer na sy oupa en ouma se huis geloop om hulp vir sy gewonde ma te kry nadat rowers haar in hulle huis geskiet het. Sy het hom deur 'n 1.5 m hoë venster na buite gelei terwyl rowers nog in die huis was. (Berig uit Vrouekeur, 26 Desember 2008: Helde van vandag)

### 6. Speletjie: Voltooi die storie

Elke persoon kry 'n beurt om die storie te voltooi. Een persoon begin met 'n sin: "Daar was eendag 'n seuntjie wat gaan kamp het." Volgende persoon: "Sy naam was Johannes en hy het sy eie tent saamgeneem." Volgende persoon: "....."

7. **Speletjie:** Wys 'n foto of prent vir die spanlede. Neem die prent weg en vra dan vrae. Kyk wie kan die meeste onthou.

Voorbeeld: Wys die prent van Racheltjie de Beer en haar boetie (DVD). Vra dan vrae:

8. Watter kleur is Racheltjie se rok? Het haar boetie 'n hoed op? Wat is die kleur van die serpie wat Racheltjie om haar nek het? Het haar boetie skoene aan? Wat is in die agtergrond van die prent? Watter woorde staan aan die onderkant van die prent? Ensovoorts.



### Wenke

1. Oefen vooraf met die handpoppe.
2. Gebruik verskillende tegnieke om die vertoning interessant te maak. Jy kan die gehoor betrek deur vrae te vra soos: "Sien julle dalk die kalfie?" Praat ook in verskillende stemme.
3. Spanlede kan ook self met die poppe werk en 'n verhaal vertel.
4. Handpoppe te koop by [www.puppets.co.za](http://www.puppets.co.za)



### Waarskuwing

1. Hou die vertelling kort en interessant.

